**Resensie-artikel**

# Christusprediking uit die Ou Testament. 'n Nuwe benadering tot 'n ou probleem?[1]

H.F. van Rooy
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
e-pos: sbbhfvr@puknet.puk.ac.za

**Abstract**

**Preaching Christ from the Old Testament. A new approach to an old problem?**

*This review article deals with Sidney Greidanus' book on the problem of preaching Christ from the Old Testament (cf. footnote 1). It discusses his previous contributions on preaching, looking at preaching especially from the Old Testament. An extensive discussion and evaluation of this book then follow. In conclusion, a number of observations are made about the present relevance of this work. Greidanus' work contains an extensive survey of the history of the problem, followed by guidelines from the New Testament. The New Testament's treatment of the Old Testament is then taken as norm for developing different approaches to preaching Christ from the Old Testament. This publication of Greidanus does not really break new ground, but provides a comprehensive survey of the problem and different approaches to solving the problem.*

---

1 Hierdie resensie-artikel handel oor die belangwekkende boek van S. Greidanus. 1999. *Preaching Christ from the Old Testament. A contemporary hermeneutical method*. Grand Rapids, MI : Eerdmans. 373 p. Prys US$ 22. ISBN 0802844499.

# 1. Inleiding

'n Hele verskeidenheid probleme oor Christus en die Ou Testament kom telkens weer in kerklike en akademiese diskussies aan die orde. In Suid-Afrika is heelwat van die debatte verbind aan die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, waar kritici die 1983-vertaling onder andere beskuldig van ontmessianisering (Erasmus, 1992:28-31; vgl. ook Krüger, 1999:56-57, 67-69). In die kritiek teen die 1983-vertaling gaan dit wel nie oor die saak van die prediking oor Christus uit die Ou Testament nie, maar oor die vertaling van die sogenaamde Messiaanse gedeeltes van die Ou Testament. 'n Mens se siening oor die wyse waarop Christus in die Ou Testament voorkom, is fundamenteel belangrik vir die wyse waarop Christus uit die Ou Testament gepreek word. Gevolglik is dit baie belangrik om aandag te gee aan die prediking uit die Ou Testament, en spesifiek die prediking van Christus uit die Ou Testament. Hierdie belangrike saak is die onderwerp van die boek wat in hierdie resensie-artikel aan die orde gestel word.

Greidanus is die outeur van 'n hele aantal werke oor prediking (soos sy proefskrif, Greidanus, 1970, en Greidanus, 1988). In sommige van sy vroeëre geskrifte het hy reeds aandag gegee aan die problematiek van die prediking uit die Ou Testament en die sogenaamde Christosentriese prediking. Sy jongste werk handel egter in die geheel oor die probleem van Christusprediking uit die Ou Testament. Hierdie artikel gee eers aandag aan sy vroeëre studies in hierdie verband, daarna volg 'n oorsig en beoordeling van hierdie nuutste werk. Ten slotte volg enkele opmerkings oor die belang van hierdie werk vandag.

# 2. Vroeëre bydraes van Greidanus in verband met prediking uit die Ou Testament in die algemeen en Christusprediking in die besonder

## 2.1 Greidanus en prediking oor historiese stof

In sy proefskrif het Greidanus (1970) aandag gegee aan die hantering van historiese literatuur in die prediking. Hy het veral toegespits op die geskil tussen die Nederlandse voorstanders van eksemplariese en heilshistoriese prediking (Greidanus, 1970:1). Die geskil het veral verband gehou met die hantering van historiese stof. Greidanus (1970:83) wys daarop dat tipologisering een van die groot gevare van eksemplariese prediking is, juis omdat dit dikwels lei tot arbitrêre Christusprediking uit die Ou Testament. Daarteenoor lê heilshistoriese prediking die klem op die eenheid van die heilsgeskiedenis, 'n eenheid in Christus. Heilsgeskiedenis is dus die geskiedenis van Christus. Dit beklemtoon die Christosentriese aard van elke historiese teks (Greidanus, 1970:134);

dus ook van die historiese tekste uit die Ou Testament. Greidanus wys self daarop dat ’n organiese interpretasie van die Bybel verder gaan as blote historiese interpretasie. Die Ou-Testamentiese tekste moet gelees word in die lig van die Nuwe-Testamentiese vervulling (Greidanus, 1970:223). Die hele Ou Testament getuig van Christus, en nie maar net wanneer ’n tipe van Christus in ’n spesifieke gedeelte gevind word nie (Greidanus, 1970:223). In hierdie werk raak Greidanus enkele belangrike sake oor die prediking uit die Ou Testament aan, maar bied nog nie ’n sistematiese uiteensetting van die probleem nie.

## 2.2 Bybelse interpretasie en prediking

In ’n volgende werk het Greidanus (1988) omvattend aandag gegee aan die saak van ’n verantwoorde interpretasie van die Bybel en Bybelse prediking gebou op hierdie interpretasie. Uit die aard van die saak neem die prediking oor Ou-Testamentiese gegewens hierin ’n besondere plek in. Nadat hy die hele teoretiese sy van die saak hanteer het, gee hy in die besonder aandag aan die prediking van verskillende soorte stof. Twee van sy hoofstukke handel oor Ou-Testamentiese stof, naamlik verhalende en profetiese literatuur. Gevolglik kom die vraag na Christosentriese prediking ook meer direk aan die orde as in sy proefskrif.

Greidanus sien ’n nou band tussen teosentriese en Christosentriese prediking. Hy wys egter daarop dat die soeke na Christosentriese prediking dikwels uitloop op twyfelagtige eksegetiese kunsgrepe om Christus in die teks in te dra (Greidanus, 1988:118). Christosentriese prediking is meer as om net te probeer om in elke preek iets te sê oor die geboorte, lewe, dood en opstanding van Jesus. Greidanus is bewus daarvan dat die Ou Testament besondere probleme bied. Die Christelike verkondiging van die Ou Testament is meer as bloot ’n Ou-Testamentiese preek. Christosentriese prediking is die verkondiging van God se dade binne ’n Nuwe-Testamentiese perspektief. Die vervulling van die Ou Testament in die Nuwe moet hierin besondere aandag kry (Greidanus, 1988:119).

Greidanus oordeel dat die beweging van die Ou na die Nuwe Testament op meer as een wyse kan plaasvind: belofte-vervulling, tipologie, ontwikkeling of parallelle. Tog is die belangrikste vir hom die voortgaande beweging van die volheid van die Nuwe-Testamentiese openbaring na ’n nuwe verstaan van die Ou-Testamentiese teksgedeelte (Greidanus, 1988:119). In hierdie uiteensetting van hom lê reeds die wortels van dit wat hy breër uitwerk in sy jongste boek. Hierdie uiteensetting roep ook vrae op – byvoorbeeld of die Ou Testament dan nie in hierdie proses sy eie selfstandige aard verloor en aan die Nuwe Testament ondergeskik raak nie. Hierdie vraag sal later weer aan die orde moet kom. Dit is wel so dat Greidanus erkenning wil gee aan die voortgang van die Ou na die

Nuwe Testament, en hy maan daarteen dat 'n mens direk van die Ou-Testamentiese teks na vandag spring (Greidanus, 1988:121).

Ook in sy behandeling van die belang van die formulering van 'n tema vir 'n preek sê Greidanus (1988:138) dat 'n mens in die formulering van 'n tema oor 'n Ou-Testamentiese gedeelte moet onthou dat die gemeente nie voor Christus leef nie. Daarom moet die weg van die tema van die teks langs die lyn van die voortgaande openbaring van God deur die Ou Testament gevolg word tot in die Nuwe Testament. Dit neem egter nie die belang daarvan weg om die teks eers goed in sy oorspronklike konteks te verstaan nie (Greidanus, 1988:166).

In sy bespreking van prediking uit die verhalende gedeeltes van die Ou Testament sê Greidanus (1988:216) dat die vraag na wat God in die betrokke gedeelte openbaar van deurslaggewende belang is. Verder sal die moderne Christelike prediker in sy prediking oor hierdie stof sy staanplek vind in die Nuwe-Testamentiese bedeling en dus die Ou-Testamentiese teks lees in die lig van die Nuwe Testament. In hierdie opsig kan die vraag na die moontlike onderskatting van die Ou Testament weer gevra word. Greidanus is self bewus van hierdie moontlikheid as hy dit duidelik stel dat die Christosentriese interpretasie van 'n verhalende gedeelte uit die Ou Testament nie afhanklik is van 'n tipologiese lyn of 'n vervulde Messiaanse profesie nie, maar in die verstaan van die gedeelte in die konteks van die geskiedenis van God se koninkryk wat sy vervulling, doel en klimaks in Christus vind (Greidanus,1988:221). Hierdie beginsel geld selfs vir die sogenaamde Messiaanse gedeeltes van die Ou Testament, waar daar dikwels 'n tendens voorkom om 'n direkte lyn te trek van die Messiaanse profesie na Jesus in die Nuwe Testament. Omdat sulke profesieë egter ook in die eerste plek tot die oorspronklike hoorders gerig was, moet hulle eers in hulle oorspronklike historiese konteks bestudeer word (Greidanus, 1988:237). 'n Te gemaklike verbinding aan die Nuwe Testament veroorsaak dat die volle betekenis van die betrokke Ou-Testamentiese gedeelte nie tot sy reg kom nie.

In hierdie tweede werk word meer belangrike vrae oor die spesifieke problematiek van prediking uit die Ou Testament aan die orde gestel as in die eerste. 'n Omvattende teorie oor Christusprediking uit die Ou Testament ontbreek nog. Hierdie saak kom aan die orde in Greidanus se jongste werk.

## 3. Christusprediking uit die Ou Testament

In hierdie afdeling word 'n uiteensetting van Greidanus se benadering tot Christusprediking uit die Ou Testament omvattend aan die orde gestel.[2] Die boek bestaan uit agt hoofstukke. Hoofstuk 1 handel oor Christusprediking en prediking uit die Ou Testament in die algemeen. Hoofstuk 2 bespreek die noodsaaklikheid van die prediking van Christus uit die Ou Testament, terwyl die volgende twee hoofstukke 'n historiese oorsig bied. Hoofstuk 5 behandel Nuwe-Testamentiese beginsels vir die prediking van Christus uit die Ou Testament. Hoofstuk 6 bied 'n uiteensetting van die Christosentriese metode en Hoofstuk 7 bespreek tien stappe hoe om van 'n Ou-Testamentiese teks te beweeg na 'n Christosentriese preek. Genesis 22 word hier as voorbeeld gebruik, terwyl Hoofstuk 8 nog vyf voorbeelde bespreek.

Wat Christusprediking self betref, sê Greidanus dat dit geen simplistiese saak is soos om maar net Christus se naam in 'n preek te noem nie. Die prediking van Christus uit die Ou Testament hou eerder verband met die koninkryk van God. Om Christus te preek is om een of ander faset van die persoon, werk of lering van Christus te verkondig sodat mense in Hom sal glo, Hom sal vertrou, liefhê en gehoorsaam (8). Die persoon van Christus hou verband met sake soos dat Hy die Seun van God is; die Messias, profeet, priester of koning is (9). Christus se werk hou veral verband met die versoening wat Hy bewerkstellig het deur sy lyde en dood, maar dit kan ook ander dinge insluit wat Hy gedoen het, soos sy wonders, opstanding, hemelvaart of wederkoms (9). Jesus se lering gaan nie net oor Homself nie, maar ook oor God, God se wet, God se verbond, ensovoorts (10). Christus moet gepreek word omdat die verlossing deur Hom kom en deur die verkondiging van Christus word mense tot geloof geroep (10-15).

### 3.1 Die noodsaak van prediking uit die Ou Testament

In Hoofstuk 1 beklemtoon Greidanus die besondere belang van prediking uit die Ou Testament. Hy noem vier moontlike redes waarom die Ou Testament in die prediking verwaarloos word, naamlik die gebruik van preekroosters, kritiese Ou-Testamentiese studies, die verwerping van die Ou Testament en die probleme verbonde aan prediking uit die Ou Testament (16-25). Die probleme omvat kultuur-historiese sake, asook teologiese, etiese en praktiese probleme. Hy noem ses redes waarom prediking uit die Ou Testament noodsaaklik is (25-32):

2 Om herhalende verwysing na Greidanus (1999) te vermy, word in hierdie afdeling telkens bloot in hakies die bladsyverwysing na Greidanus (1999) gegee. 'n Verwysing na enige ander werk sal die normale verwysingspatroon volg.

- Die Ou Testament is deel van die Christelike kanon.
- Die Ou Testament bied die heilsgeskiedenis wat na Christus toe deurloop.
- Die Ou Testament verkondig waarhede wat nie in die Nuwe Testament gevind word nie.
- Die Ou Testament help om die Nuwe Testament beter te verstaan.
- Die Ou Testament voorkom die verkeerde verstaan van die Nuwe Testament.
- Die Ou Testament fasiliteer 'n meer volledige verstaan van Christus.

## 3.2 Kan Christus uit die Ou Testament gepreek word?

In Hoofstuk 2 handel Greidanus oor die noodsaaklikheid daarvan om Christus uit die Ou Testament te preek. Dié saak hou ten nouste verband met die hele probleem van die verhouding tussen die twee testamente. Hy wys op veral drie redes waarom die prediking van Christus uit die Ou Testament dikwels nie tot sy reg kom nie (33-39). Die eerste is die versoeking tot mensgesentreerde prediking, wat onder andere verband hou met die sogenaamde biografiese prediking (34), waarin die Bybelse karakters as voorbeelde voorgehou word, met die gevaar van veralgemening, spiritualisering en moralisering (36). Die tweede rede is die vrees vir 'n geforseerde interpretasie wanneer elke teks in die Ou Testament aan Christus verbind moet word (36). Die derde rede is 'n skeiding tussen die twee testamente, waardeur die Ou Testament eintlik as 'n nie-Christelike boek beskou word (38).

Hierdie vrees hou verband met verskillende visies op die Ou Testament. Greidanus tipeer vier visies, naamlik dat die Ou Testament óf sub-Christelik is, óf nie-Christelik, óf pre-Christelik óf Christelik (39). Die Ou Testament word as sub-Christelik beskou deur diegene wat dit verwerp, soos Marcion. 'n Nie-Christelike benadering kom by diegene voor wat die Ou Testament heeltemal los van die Nuwe Testament wil lees, naamlik as 'n Hebreeuse Bybel. 'n Pre-Christelike benadering kom byvoorbeeld by John Bright voor, in sy bekende boek oor die gesag van die Ou Testament (Bright, 1977). Volgens Bright is die Ou Testament voor Christus, ook wat sy inhoud betref. Dieselfde siening word ook gedeel deur sommige geleerdes wat beklemtoon dat die Ou Testament tot Israel gerig was en nie los van die Nuwe Testament as boek van die kerk gelees kan word nie (42). Greidanus stem saam dat die Ou Testament kronologies voor-Christelik is, maar stel daarteenoor dat die aard van die Ou Testament wel Christelik is (44). Dit blyk onder andere daaruit dat die Ou Testament die Bybel van Jesus self, die skrywers van die Nuwe

Testament en die vroeë kerk was. Die twee testamente bied ’n eenheidsvisie op die heilsgeskiedenis, wat van die ou verbond na die nuwe deurloop. Dit is ’n enkele Heilige Skrif met twee testamente (45). Die band tussen die twee testamente blyk daaruit dat die Ou Testament ’n oop einde het (46). Die twee testamente word in Christus saamgebind (49). Die Ou Testament moet dus vanuit die perspektief van die Nuwe Testament geïnterpreteer word (51).

Die probleem is natuurlik hoe Christus gepreek moet word uit ’n boek wat lank voor sy geboorte geskryf is (53). Greidanus behandel verskillende oplossings vir die probleem (54-55) en bied daarna ’n aantal Nuwe-Testamentiese perspektiewe op die probleem: uit die prediking van Jesus self, die apostels en die evangeliste (55-62). Hulle het geen probleem ervaar om Christus uit die Ou Testament te verkondig nie. Daarom is dit noodsaaklik dat moderne predikers dit ook moet doen. Nadat die oorspronklike boodskap van die teks vasgestel is, moet dit weer in die lig van die Nuwe Testament beskou word om dan die vraag te beantwoord hoe hierdie teks met Christus verbind kan word.

Greidanus is heeltemal reg daarin dat ’n gedeelte van die Ou Testament eers binne die Ou-Testamentiese konteks verstaan moet word. Die wyse waarop hy egter die lyn na die Nuwe Testament deurtrek, kom lukraak voor. Dit sal later nog meer duidelik word in die bespreking van hoe hy hierdie verbinding op verskillende maniere wil doen.

## 3.3 ’n Historiese oorsig oor Christusprediking uit die Ou Testament

In Hoofstukke 3 en 4 bied Greidanus ’n historiese oorsig oor die prediking van Christus uit die Ou Testament. Hoofstuk 3 handel oor die geskiedenis tot voor die Hervorming en Hoofstuk 4 oor die Hervorming en verder. Die twee hoofstukke beslaan bykans ’n derde van die boek en bied baie belangrike materiaal vir insig in die problematiek. Hoofstuk 3 handel in die besonder oor allegoriese en tipologiese interpretasie, asook oor die viervoudige sin van die Skrif, soos dit deur die Middeleeue ontwikkel het. Hoofstuk 4 handel oor Luther, Calvyn en enkele moderne figure soos Spurgeon en Vischer. Dit is uiteraard onmoontlik om in besonderhede op al die belangrike figure te let.

Greidanus wys daarop dat allegoriese interpretasie die dominante model was van die derde tot die sestiende eeu (70). By al die foute daarvan was dit steeds ’n eerlike poging om Christus uit die Ou Testament te preek (87). Tog kon dit nie reg laat geskied aan die teks nie (88). Tipologiese interpretasie, soos onder andere gepraktiseer in die skool van Antiochië, het meer reg laat geskied aan die teks en was baie minder subjektief (96). Die gevaar is dat dit egter in tipologisering kan

verval, wat op sy beurt weer tot allegorisering kan lei (97). Die model van die viervoudige sin van die Skrif wat deur die Middeleeue ontwikkel het, het die voordeel gehad dat die eerste sin ruimte gebied het vir 'n letterlike interpretasie van die Bybel (107). Letterlike interpretasie het egter 'n klein plek ingeneem omdat die ander drie vlakke as belangriker geag is. In die ander drie het subjektivisme en arbitrêre interpretasies voortgewoeker (107-109).

Luther is opgelei in die viervoudige interpretasie van die Middeleeue, maar het dit in 1517 laat vaar toe hy gekies het vir 'n letterlike verstaan van die Bybel (112). Sy hermeneutiese metode is gebou op die beginsel van die *sola Scriptura* (113). Om Christus uit die Ou Testament te preek het Luther sy letterlike verklaring verbind aan 'n profetiese betekenis, waarin die geskiedenis van die Ou Testament ook heenwys na wat God sou gaan doen (115-116). Hy het die eenheid van die twee testamente gevind in die sentrum van die Skrif, Jesus Christus. Tog het hy die verskil tussen die twee testamente beklemtoon deur sy onderskeiding van wet en evangelie (116). Die vernaamste doel van die Ou Testament is vir Christene negatief, naamlik om mense daarvan bewus te maak dat hulle glad nie in staat is om God se wet na te kom en deur wets-onderhouding tot verlossing te kom nie (117). Daar is wel positiewe elemente in die Ou Testament, soos God se beloftes. Christus was vir Luther die sentrum van die Bybel, en dus ook die maatstaf vir die beoordeling van die boeke van die Bybel (119). Hy wou die Ou Testa-ment lees in die lig van die Nuwe Testament (120). Luther se sterk beklemtoning van die verkondiging van Christus uit die Ou Testament is 'n groot winspunt in sy benadering (124), maar die gevaar was om Christus in die Ou Testament in te lees (125). Sy sterk beklemtoning van Christus kon ook lei tot 'n onderwaardering van sekere gedeeltes van die Ou Testament (125).

Waar Luther sterk op verlossing gekonsentreer het, het Calvyn meer gefokus op die eer en soewereiniteit van God. Hy het dus ook nie so sterk op Christus gefokus as wat Luther gedoen het nie (127). Sy benadering was meer teosentries van aard. Hy het ook uitgegaan van die letterlike betekenis van die Bybel (131) en het baie klem gelê op die eenheid van die twee testamente (132). Gevolglik het hy 'n meer positiewe siening van die betekenis van die Ou Testament as Luther (133-134). Christus is op 'n verborge wyse in die Ou Testament teen-woordig, veral sy mag en verlossingswerk (136). Omdat Calvyn baie klem gelê het op letterlike, historiese interpretasie het hy nie in 'n oordrewe Christologiese interpretasie van die Ou Testament verval nie (137-138). Hy het ook rekening gehou met die voortgang in God se openbaring ten opsigte van Christus. Calvyn het drie wyses onderskei waarop Christus in die Ou Testament teenwoordig is, naamlik as die

ewige Logos, as belofte en as tipe (141). Hy volg die tradisie deur Christus te vereenselwig met die Engel van die Here (142). Wat die vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë betref, het Calvyn nie dadelik na Christus gespring nie. Hy het eers ’n vervulling in die Ou-Testamentiese tyd gesoek, daarna in die koms van Christus, daarna in die kerk en vierdens in die wederkoms (143). Wat tipologie betref, volg Calvyn die Antiocheense Skool na en vind tipes van Christus in Ou-Testamentiese seremonies soos die Sabbat en die Pasga, maar ook in persone soos Josef en Dawid (144). Calvyn se klem op ’n historiese interpretasie van die Ou Testament en sy beklemtoning van die eenheid van die twee testamente is sy grootste bydrae tot die prediking van Christus uit die Ou Testament, maar hy het nie altyd aan Christus-prediking uit die Ou Testament reg laat geskied nie, omdat hy eerder op God as op Christus gefokus het (148-149).

Wat moderne figure betref, bespreek Greidanus Spurgeon en Vischer. Spurgeon was geneig om te vergeestelik en het maklik daarin verval om Christus in die Ou Testament in te lees (160). Vischer het gereageer teen die verwerping van die Ou Testament deur verskeie Duitse teoloë van sy tyd (163). Hy het self weer die Ou Testament sy regmatige plek in die kerk wou gee (172), maar het dit op ’n te spekulatiewe en arbitrêre wyse gedoen (173-174). Hierdie deel van Greidanus se werk is baie nuttig juis omdat dit ’n omvattende historiese oorsig oor die problematiek bied. Hy bied ook ’n baie billike beoordeling van die geskiedenis en wil nie te maklik veroordelend optree nie. Hy wys die positiewe en die negatiewe in die geskiedenis aan. Op hierdie wyse kan ’n mens inderdaad ’n les uit die geskiedenis leer.

## 3.4 Nuwe-Testamentiese beginsels vir die prediking van Christus uit die Ou Testament

In Hoofstuk 5 gee Greidanus aandag aan Nuwe-Testamentiese beginsels vir die prediking van Christus uit die Ou Testament. Hy begin met die stelling dat die Ou Testament duidelik teosentries is (177); daarom moet prediking uit die Ou Testament ook teosentries wees. Dit is egter ’n probleem om Christus te preek uit tekste wat teosentries is. Die Nuwe-Testamentiese beginsel wat hiervoor belangrik is, is dat Christus-gesentreerde prediking God-gesentreerd moet wees. Christomonisme is inderdaad ’n gevaar (178). Christus moet nie van God los gemaak word nie, juis omdat Hy deur God gestuur is (179). Daarom moet Christus-prediking op God toespits (181).

’n Tweede gevaar is dat die Ou Testament so gepreek kan word dat dit glad nie in verband gebring word met die hoogtepunt van God se selfopenbaring in Christus nie. Hierteenoor stel die Nuwe Testament dat

Christelike prediking Christus-gesentreerd moet wees (182). Wanneer Christus uit die Ou Testament gepreek word, gebeur dit outomaties dat 'n mens van die Ou Testament na die Nuwe Testament beweeg, van die belofte in die verlede na die latere vervulling, van die tipe na die antitipe. Moet 'n mens egter nie eerder van Christus soos wat ons Hom uit die Nuwe Testament ken, na die Ou Testament beweeg nie? Die gevaar is natuurlik om sodoende te gemaklik Christus in die Ou Testament in te lees, maar Greidanus se standpunt is dat die apostels en evangeliste juis so begin het met die werklikheid van Jesus Christus (183). Hulle het die Ou Testament gelees vanuit die perspektief van die opgestane Here en het dit vol van beloftes en tipes van Christus, vol heenwysings en sinspelings gevind (185). Die skrywers van die Nuwe Testament het drie basiese beginsels gevolg in hulle interpretasie van die Ou Testament. Hulle het die Ou Testament uit 'n Christosentriese perspektief geïnterpreteer, in navolging van die Christelike tradisie en langs Christologiese lyne (189). Die Nuwe Testament is nie 'n hermeneutiese handboek nie (189-191), maar tog is daar 'n paar basiese vooronderstellings uit die Nuwe Testament vir die Christologiese verstaan van die Ou Testament (191-195):

- God het sy verlossingsplan progressief in die geskiedenis uitgewerk.
- Jesus het die Messiaanse tydperk ingelei.
- Jesus is ewige God.
- Die Ou Testament moet op 'n korporatiewe wyse verstaan word.

Dit is baie belangrik dat hierdie basiese uitgangspunte gelei het tot 'n verskeidenheid van maniere om Christus uit die Ou Testament te preek. Greidanus onderskei ses maniere waarop die Nuwe Testament die Ou Testament Christologies gelees het, naamlik langs die weg van heilshistoriese voortgang, belofte-vervulling, tipologie, analogie, deursnittemas en kontras (203). Hy bied 'n groot aantal voorbeelde van hierdie benaderings uit die Nuwe Testament (203-225).

Hierdie afdeling van Greidanus se werk is in baie opsigte problematies. Alhoewel hy nie die Nuwe Testament as 'n hermeneutiese handboek wil gebruik nie, neig hy daarna om dit te doen. Hoekom die maniere waarop die Ou Testament in die Nuwe Testament gebruik is, vir vandag normatief moet wees, word nie beredeneer en oortuigend gemotiveer nie.

## 3.5 Die heilshistoriese Christosentriese metode

Greidanus noem sy eie benadering tot die Christusprediking uit die Ou Testament die heilshistoriese Christosentriese metode. Hy oordeel dat sy benadering tussen dié van Luther en Calvyn lê. Hiervolgens is

Christus die sentrum van die heilsgeskiedenis, die sentrum van die Bybel. Wanneer ’n mens enige deel van die Bybel preek, moet jy die boodskap daarvan verstaan in die lig van die sentrum, Jesus Christus (227). Hiermee word nie bedoel die prediking van Christus ter uitsluiting van die volle raad van God nie. Daar moet ook gewaak word teen die inlees van Christus in die Ou Testament (227-228). In sy heilshistoriese benadering onderskei Greidanus basies twee stappe. Eerstens moet die Ou-Testamentiese teks in sy eie kultuur-historiese situasie verstaan word. Tweedens moet die gedeelte verstaan word in die lig van die hele kanon en die hele heilsgeskiedenis. In hierdie tweede fase kom die vrae oor Christus as die sentrum van die Bybel aan die orde (228).

- **Verstaan die teks in sy oorspronklike konteks**

Die eerste stap is dus om die teks in sy oorspronklike konteks te verstaan. Hierdie oorspronklike betekenis is vir Greidanus die enigste objektiewe kontrole teen subjektiewe eksegese (228). In die bepaling van die oorspronklike betekenis moet drie fasette aandag kry. Die eerste is die literêre aspek van die teks (genre, konteks). Die tweede is histories van aard (outeursbedoeling, watter behoefte van die oorspronklike hoorders word aangespreek). Die derde is die teosentriese interpretasie: wat openbaar die gedeelte oor God en sy wil? Hierdie derde aspek bied gewoonlik die aanknopingspunt vir die band met Christus (229-230).

- **Die Ou-Testamentiese teks geplaas in die konteks van die kanon**

Die tweede stap het te doen met die plasing van die Ou-Testamentiese teks in die konteks van die kanon as geheel. ’n Christelike preek uit die Ou Testament moet van die Ou Testament na die Nuwe beweeg (230). Weer kry die literêre, die historiese en die teosentriese aandag, maar die vrae gaan veel wyer as in die eerste stap (231). In hierdie stap word historiese interpretasie, heilshistoriese interpretasie en teosentriese interpretasie Christosentriese interpretasie (232). Hier maak Greidanus die belangrike stelling dat ’n gedeelte, wanneer dit in die konteks van die hele Bybel en die hele openbaringsgeskiedenis verstaan word, meer mag openbaar as wat die oorspronklike skrywer bedoel het. Die vraag oor wat ’n teks oor Christus openbaar, lei tot ’n volgende vraag: watter van die ses maniere wat in die Nuwe Testament ontdek is, lei na die mensgeworde Woord? By die ses maniere voeg Greidanus ’n sewende, naamlik Nuwe-Testamentiese aanhalings uit die Ou Testament, wat gewoonlik eers na die ander aan die orde behoort te kom (233-234). Hierna bespreek Greidanus die sewe maniere. Hy beskou die weg van heilshistoriese voortgang as die basiese weg waarop die ander berus (234).

In die gang van die heilsgeskiedenis is daar ’n aantal kernmomente: skepping, sondeval, verlossing, herskepping (235). Die heilsgeskiedenis moet as ’n eenheid beskou word en sentreer in God (236). Volgens hierdie benadering word elke teks in die Ou Testament gesien in sy plek in hierdie geskiedenis wat algaande groei en sy klimaks bereik in die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus (237). Hierdie benadering is in die besonder geskik vir verhalende stof (238-239), maar kan ook by ander literatuursoorte gebruik word, soos by Psalms en wysheids-literatuur (239-240).

Die tweede weg vir die prediking van Christus uit die Ou Testament is geleë in die belofte-vervullingskema. Die beloftes in die Ou Testament kan teruggevoer word na Abraham en moet nie uitsluitlik Messiaans vertolk word nie (241). Vir die gebruik van hierdie weg stel Greidanus twee basiese reëls.

- Die eerste is dat God sy beloftes progressief vervul. Sommige vervullings kom in hul geheel of minstens gedeeltelik reeds in die Ou Testament voor.
- Tweedens moet daar in die interpretasie van die teks beweeg word van die Ou Testament na die Nuwe Testament en weer terug (242). Uiteraard is hierdie metode veral geskik by die profete, die logiese plek om na Messiaanse beloftes te soek (242).

Hy bied ’n paar voorbeelde uit die profete (242-244) (Jes. 61:1-4; 7:11-17 en Sag. 9:9-10). Hy wys in sy bespreking hoedat die vervulling van sulke profesieë progressief geskied. Soortgelyke beloftes kom ook in die Psalms en in verhalende stof voor (244-248).

Alhoewel tipologie in sommige kringe ’n slegte naam gekry het, oordeel Greidanus dat daar tog ’n regte manier is om dit te gebruik. Hy grond dit op die voorsienigheid van God. Greidanus beperk tipologie tot spesifieke analogieë langs die as van God se dade in die heilsgeskiedenis soos in die Skrif geopenbaar (249). Tipologie verskil van allegorie veral daarin dat allegorie nie met die geskiedenis rekening hou nie (248). Die groot vraag is of die tipe in die Ou Testament duidelik is sonder die latere lig van die Nuwe Testament. Die meeste tipes is waarskynlik nie voorspel-lend van aard nie, maar gebeure of persone word in die lig van latere gebeure as tipes gesien, veral in die lig van die gebeure van die Nuwe Testament (251). Hy gebruik as ’n voorbeeld 2 Samuel 5, waar Dawid as koning van die hele Israel en Juda gesalf word. Wanneer vanuit die perspektief van die Nuwe Testament hierna gekyk word, is Dawid duidelik ’n tipe van Christus (252). Hy meen egter dat sekere tipes in hulle oorspronklike konteks al voorspellend was, soos die Sabbat, die

Pasga, die tabernakel en die offers waar bloed vergiet is (252). Selfs hier is die Nuwe-Testamentiese perspektief egter onontbeerlik om die volledige prent te bied. Beloftes is gewoonlik woorde wat uitgespreek is, terwyl tipes historiese gebeure, persone en instellings is.

Greidanus besef dat tipologie misbruik kan word en dan verval in tipologisering. Daarom word soms voorgestel dat tipologie net gebruik word waar die Nuwe Testament 'n tipe aandui (253). Greidanus aanvaar Eichrodt se definisie van 'n tipe, waarvolgens *tipes* persone, instellings of gebeure in die Ou Testament is wat beskou kan word as goddelik ingestelde modelle of voorafvoorstellings wat ooreenstem met realiteite binne die Nuwe-Testamentiese heilsgeskiedenis (254-255). Tipes het vier kenmerke (255-257): 'n tipe is histories en teosentries, met 'n beduidende analogie met die antitipe en 'n eskalasie in die verhouding tussen tipe en antitipe. In die lig hiervan bied Greidanus ook 'n aantal reëls vir tipologiese eksegese (257-260):

- Literêr-historiese eksegese moet tipologiese eksegese altyd voorafgaan.
- Die tipe moet nie gesoek word in allerhande besonderhede nie, maar in die sentrale boodskap van die gedeelte.
- Die simboliese betekenis van die persoon, instelling of gebeure in die tyd van die Ou Testament moet bepaal word. Indien dit in die Ou Testament geen simboliese betekenis gehad het nie, kan dit nie 'n tipe wees nie.
- Die punte van kontras tussen die tipe en antitipe moet opgemerk word.
- In die beweging van die Ou-Testamentiese simbool of tipe na Christus moet die betekenis van die simbool behou word, selfs wanneer eskalasie plaasvind.
- Daar moet nie net 'n tipologiese lyn na Christus getrek word nie; Christus moet gepreek word.

In sy bespreking van voorbeelde van tipes wys Greidanus daarop dat die meeste tipes in verhalende stof voorkom (260), maar wel ook elders (261).

Analogie as weg om Christus uit die Ou Testament te preek hou ook verband met die eenheid van die heilsgeskiedenis, en verder ook met die kontinuïteit tussen Israel en die kerk. Dit word verder versterk deur die skarnierposisie van Christus. In Christus het Israel en die kerk dieselfde

soort volk van God geword, deelgenote aan dieselfde genadeverbond, deelhebbers van dieselfde geloof, met dieselfde hoop (262-263). Daar moet gevra word na die analogie tussen dit wat God vir Israel was en wat Hy vir hulle gedoen het en wat Hy in Christus is en doen vir die kerk. Dit gaan hierin veral om die kontinuïteit, die parallelle in Christus. Die verbinding kan dikwels gemaak word deur woorde van Christus uit die Nuwe Testament aan te haal (263). Greidanus bied voorbeelde hiervan uit die verhalende stof, wette, profetiese stof, Psalms en wysheidsliteratuur (263-266).

Greidanus maak in sy bespreking 'n onderskeid tussen heilsgeskiedenis en openbaringsgeskiedenis, alhoewel die twee ten nouste verbind is. Vir hom is openbaringsgeskiedenis die geskiedenis van God se verkondiging in die verskillende stadia van die heilsgeskiedenis (266). Hy oordeel verder dat die vakgebied Bybelse Teologie 'n mens help om temas van die Ou Testament na die Nuwe Testament te volg. Belangrike Ou-Testamentiese temas sluit in die koninkryk van God, God se voorsienigheid, die verbond, geregtigheid en liefde (267). Sulke temas kan nou gebruik word om van die Ou na die Nuwe Testament en veral na Christus te beweeg.

Die Ou-Testamentiese aanhalings in die Nuwe Testament is ook vir Greidanus 'n weg na Christusprediking uit die Ou Testament, veral omdat dit die prediker kan help in die opspoor van die belofte-vervullingskema, tipes en temas wat van die Ou Testament na die Nuwe Testament deurloop (269).

Die laaste weg waaraan Greidanus aandag gee, is die weg van kontras. Die moontlikheid van 'n kontras tussen die Ou en Nuwe Testament hou verband met die voortgang in die heilsgeskiedenis en openbaringsgeskiedenis (271). Vir die kontras is die werk van Christus uiters belangrik want Hy is verantwoordelik vir enige verandering wat daar in die boodskap van die Ou Testament na die Nuwe Testament toe ingetree het. Soms kan die prediker byvoorbeeld met 'n probleem in die Ou Testament begin wat in Christus opgelos word (272). Greidanus bied weer 'n aantal voorbeelde uit verskillende soorte literatuur (273-276). Samevattend wys hy daarop dat die verskillende weë soms oorvleuel. Of 'n mens presies 'n sekere metode konsekwent gevolg het, is nie so belangrik soos die vraag of Christus werklik gepreek is nie.

In Hoofstuk 7 bied Greidanus 'n metode aan hoe om in tien stappe (279-318) van 'n Ou-Testamentiese teks na 'n Christosentriese preek te beweeg. In Hoofstuk 8 gee hy 'n aantal praktiese voorbeelde (319-346). Die volgende afdeling bied 'n evaluering van Greidanus se eie benadering.

## 4. ’n Beoordeling van Greidanus se bydrae to die probleem van Christusprediking uit die Ou Testament

Greidanus lewer ’n baie belangrike bydrae tot die debat oor die prediking van Christus uit die Ou Testament. Sy boek bevat ’n magdom van inligting en bied ’n billike beoordeling van die bydraes van ander geleerdes. Die boek is ’n nuwe standaardwerk op hierdie terrein en enige toekomstige gesprekke oor die prediking van Christus uit die Ou Testament sal daarmee rekening moet hou. Die werk bied ook ’n bydrae tot die debat oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament en die plek van Christus in die Ou Testament oor die algemeen. Die hele aangeleentheid van Christusprediking is ’n komplekse saak en alhoewel hierdie werk nog steeds nie die finale woord daaroor gespreek het nie, is dit ’n belangrike verwysingsbron met ’n belangrike eie inset. Die historiese oorsig en die bespreking van belangrike Nuwe-Testamentiese beginsels is ’n belangrike bydrae. Die feit dat Greidanus ook nie na ’n enkelvoudige oplossing soek nie, maar verskillende lyne vir die prediker aandui, is ook ’n besliste winspunt.

Die beklemtoning van sowel die belang van prediking uit die Ou Testament as die eis dat prediking uit die Ou Testament Christusprediking moet wees, is ’n groot winspunt. Hierin is Greidanus natuurlik nie die eerste om te pleit vir die prediking van Christus uit die Ou Testament nie, soos blyk uit die historiese oorsig. Die Ou Testament word ongetwyfeld dikwels in die prediking afgeskeep. In ’n ondersoek ten opsigte van die plek van die Ou Testament onder lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het Helberg en Van Rooy (1995: 674) bevind dat meer as 75% van predikante minder as 40% van hulle preke uit die Ou Testament maak. Die ondersoek het ook getoon dat sowel predikante as lidmate te maklik geneig is om gedeeltes van die Ou Testament as direk Messiaans te verstaan (Helberg & Van Rooy, 1995: 675). Ook die vraag oor hoe Christus gepreek moet word, bly van die uiterste belang. In moderne prediking word Jesus dikwels voorgehou as die een wat omgee vir mense (Buttrick, 1988:27). Om Christus net so te preek, is ’n verskraling van die Bybel se boodskap.

Tog is daar sekere punte van kritiek. Greidanus lê tereg daarop klem dat enige Ou-Testamentiese teks eers binne sy eie konteks bestudeer moet word. Sy stelling dat ’n mens by die historiese betekenis van ’n teks moet begin en dat daarna eers gevra moet word hoe die gedeelte die goeie nuus van Jesus Christus verkondig (288), kan ten volle onderskryf word. Wat wel opval ten opsigte van die verskillende moontlikhede wat hy voorstel, is dat dit soms op ’n wyse geskied wat verskraling tot gevolg het. So konsentreer hy in die hantering van die belofte-vervullingskema sterk op die sogenaamde Messiaanse beloftes in die Ou Testament, en

gee nie ook aandag aan ander beloftes wat nie noodwendig Messiaans is nie, soos byvoorbeeld die belofte van ’n land en ’n nageslag aan die aartsvaders. Hy handel ook nie voldoende oor die wyse waarop sommige beloftes reeds in die tyd van die Ou Testament vervul is nie. Dit bly dus ’n vraag hoe sulke beloftes hanteer moet word in die prediking uit die Ou Testament. Kan ’n mens ook beloftes inperk tot slegs dit wat gesê is, so asof die Here se groot dade in die verlede nie ook sou kon heenwys na nog groter dade wat in die toekoms sou kom nie, sonder om tipologies geïnterpreteer te word nie?

Die verskillende weë wat Greidanus van die Ou Testament na die Nuwe Testament wil volg, is ook soms problematies. Sy eerste weg is die weg van heilshistoriese voortgang. In dié verband is sy onderskeid tussen die heilshistoriese en openbaringshistoriese nie baie duidelik nie. Hy sê self dat die twee ten nouste verbind is (266), maar tog lyk dit asof hy die openbaringshistoriese aspek verskraal tot bloot sekere temas of lyne wat van die Ou Testament na die Nuwe Testament gevolg kan word (267). Hy verwys in ’n voetnoot (Greidanus, 1999:267, voetnoot 89) na Hasel se standpunt oor Bybelse Teologie. Hasel sien die taak van Bybelse Teologie egter om in die eerste plek ’n samevatting te bied van die inhoud van sekere boeke of blokke boeke en eers daarna om die lyne te probeer raaksien en volg (Hasel, 1991:202-205). Die eerste aspek van die openbaringshistoriese benadering verloor Greidanus egter uit die oog. Die historiese gedeelte daarvan kom nie in sy uiteensetting tot sy reg nie.

Greidanus probeer om op ’n versigtige manier met ’n wettige vorm van tipologie om te gaan, maar ontkom nie aan die subjektiwiteit daarvan nie. Die reëls wat hy bied, help om die ergste verkeerde gebruik van tipologie te vermy, maar steeds bly tipologie ’n lees van die Ou Testament vanuit die gesigspunt van die Nuwe Testament waarin die eintlike boodskap van die Ou Testament verdring word deur die Nuwe-Testamentiese inkleding. Ook sy hantering van analogie kom lukraak en arbitrêr voor. Sy voorbeeld uit Jesaja 40 (264) is ’n vorm van vergeesteliking van die Ou-Testamentiese boodskap om ’n Nuwe-Testamentiese boodskap te laat hoor. Dieselfde geld sy voorbeelde uit die wysheidsliteratuur (265).

Veral in sy hantering van die weg van kontras blyk sy ondergeskikstelling van die Ou Testament aan die Nuwe Testament duidelik. Hy sê byvoorbeeld dat as die kontras te groot is, dit beter sou wees om maar liewer nie die teks uit die Ou Testament te preek nie, maar om eerder ’n Nuwe-Testamentiese teks te preek (272). Dieselfde blyk uit sy hantering van die sogenaamde vloekpsalms. Die uitspraak van Jesus dat ’n mens jou vyande moet liefhê, maak nie die boodskap van die vloekpsalms ongeldig nie, soos wat Greidanus se bespreking (272) impliseer nie.

Greidanus gebruik die aanhalings van die Ou Testament in die Nuwe Testament oorwegend om een van die ander weë te onderstreep (324). Dit is nie werklik duidelik of sulke aanhalings op hulle eie, los van die ander metodes, gebruik kan word nie. Sy bespreking van hoe dit in die praktyk behoort te werk is ook baie yl en dit wil voorkom of dit op die klank van enkele woorde en parallelle af geskied (332, 336).

’n Belangrike vraag wat in Greidanus se bespreking nie voldoende aandag kry nie, is die verhouding tussen Christosentriese prediking en die hele saak van die Drie-eenheid. Hy verwys in sy bespreking na die proefskrif van Le Roux (1990), maar hanteer nie die saak van trinitariese prediking genoegsaam nie. Le Roux beklemtoon baie sterk die primaat van die eenheid van God in die prediking (Le Roux, 1990:245). In die Praktiese Teologie word die saak van die Drie-eenheid in die prediking vandag in sekere kringe beklemtoon, soos blyk uit die werk van Le Roux. Dit kry egter ook in ander aspekte van die Praktiese Teologie aandag (vgl. Van Pelt, 1999). Die plek van Christus in die Drie-eenheid verdien dus meer aandag as wat Greidanus daaraan gegee het.

## 5. Christusprediking uit die Ou Testament: Nuwe lig op ou vrae?

Die baie geskrifte oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament en die worsteling deur die eeue om die plek van die Ou Testament binne die kanon van die Christelike kerk te omskryf, toon duidelik dat hierdie werk van Greidanus op ’n baie aktuele terrein beweeg. ’n Belangrike vraag wat gevra moet word, is of hy werklik ’n nuwe en oortuigende stem laat hoor. By al die belangrike gegewens wat hy bied, bly daar egter ’n aantal vrae waaroor verdere besinning steeds nodig is.

John Bright het baie oortuigend aangetoon dat die grootste probleem in die sienings oor die verhouding tussen die twee testamente daarin geleë is dat die Ou Testament vanuit die perspektief van die Nuwe Testament gelees is. Hierdie benaderingswyse het veroorsaak dat Marcion die Ou Testament verwerp het (Bright, 1977:60-62), en dit is wat gelei het tot pogings om die Ou Testament te red langs die weg van allegorie en tipologie (Bright, 1977: 79-82) – ook het dié benadering gelei tot waarde-oordele oor die Ou Testament op grond van die Nuwe-Testamentiese boodskap in die liberale teologie (Bright, 1977:96). Greidanus het besware teen Bright se benadering, maar Bright het erns gemaak daarmee om die Ou Testament as Ou Testament te lees, natuurlik as deel van die Christelike kanon, en om dan van die “teologie” in ’n Ou-Testamentiese gedeelte na die Nuwe Testament te beweeg. Greidanus is bewus van die probleem dat mense soms gemaklik ’n Nuwe-Testamentiese boodskap in die Ou Testament inlees. Hy stel dit ook

duidelik dat die Nuwe Testament in sy hantering van die Ou Testament nie 'n handboek vir die Hermeneutiek is nie. Tog kan 'n mens nie van die indruk ontkom dat hy die Nuwe-Testamentiese benadering van die Ou Testament op 'n handboekmatige wyse gebruik nie. Hy vind ses weë in die hantering van die Ou Testament, en maak dit sy uitgangspunt vir die benadering van die Ou Testament, sonder om werklik in te gaan op die vraag of dit 'n wettige wyse is om die Nuwe-Testamentiese "Hermeneutiek" so te gebruik nie. Die gevolg hiervan is weer 'n te gemaklik lees van die Ou Testament met 'n Nuwe-Testamentiese bril. Hy stel dit self duidelik dat 'n mens eers die Ou-Testamentiese gedeelte in sy eie historiese konteks moet lees, maar in sy eie praktiese voorbeelde word te maklik daarvandaan wegbeweeg met die klem op die Christosentriese boodskap. Veral in die hantering van nie-verhalende literatuur kom hierdie tendens gemaklik na vore. Miskien hou dit ten dele verband met sy onduidelike onderskeid tussen heilsgeskiedenis en openbaringsgeskiedenis. Natuurlik moet die feit dat die Nuwe Testament die Ou Testament gelees het as 'n boek wat van Christus getuig, steeds in ag geneem word (Oberholzer, 1990:653). Verdere besinning is egter nodig voordat die Nuwe-Testamentiese wyses van die lees van die Ou Testament as paradigma vir vandag geneem kan word.

Teenoor hierdie benadering van Greidanus kan nog met groot vrug gelet word op die sterk openbaringshistoriese aanpak van die probleem deur Helberg. Hy beklemtoon die openbaringshistoriese aspek van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament (Helberg, 1983:99-100). Hieruit volg dat erns gemaak moet word met die Ou Testament as Ou Testament, met sy eie aard as unieke openbaring van God (Helberg, 1983:65). In hierdie benadering word die Ou Testament gelees as deel van die een kanon, wat 'n eenheid is. Dit word egter nie vanuit die Nuwe Testament of met Nuwe-Testamentiese tegnieke gelees nie. Dit word gelees binne sy eie konteks, met sy unieke boodskap, met sy "teologie" (volgens Bright, 1977:170). Eers wanneer die unieke openbaringsboodskap van 'n gedeelte binne die Ou-Testamentiese konteks vasgestel is, kan daardie boodskap blootgestel word aan die lig van die Nuwe Testament, om dan daarvan na die situasie van vandag te beweeg. Om die Nuwe Testament se gebruik van 'n teks as uitgangspunt by die lees van 'n gedeelte uit die Ou Testament te neem, is om op die weg van Marcion, die allegoriste en liberale teologie te beweeg. Dit geld ook van "Messiaanse" gedeeltes soos Jesaja 53 en Psalm 110. Dit is beter om die Ou-Testamentiese teks te lees in sy eie konteks, om eers saam met die gelowiges van toe vooruit te kyk na wat hulle verwag het (Van Zyl, 1987:16).

Die boek van Sidney Greidanus verdien om weer en weer gelees te word, om so die moderne prediker te konfronteer met die vraag oor hoe

Christus op 'n verantwoorde wyse uit die Ou Testament gepreek kan word – want Hy moet gepreek word. Hierdie roep tot verantwoording is saam met die magdom gegewens in die boek 'n groot winspunt.

## Bibliografie

BRIGHT, J. 1977. The authority of the Old Testament. Grand Rapids, MI. : Baker.

BUTTRICK, D.G. 1988. Preaching Jesus Christ. Philadelphia : Fortress Press.

ERASMUS, J.C. 1992. Bewaar my Woord. Kritiek op die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel. Pretoria : "Bewaar my Woord."

GREIDANUS, S. 1970. Sola scriptura. Problems and principles in preaching historical texts. Kok : Kampen.

GREIDANUS, S. 1988. The modern preacher and the ancient text. Grand Rapids, MI./ Leicester : Eerdmans / Inter-Varsity Press.

GREIDANUS, S. 1999. Preaching Christ from the Old Testament. A contemporary hermeneutical method. Grand Rapids : Eerdmans.

HASEL, G.F. 1991. Old Testament theology: Basic issues in the current debate. Revised and expanded fourth edition. Grand Rapids, MI. : Eerdmans.

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

HELBERG, J.L. & VAN ROOY, H.F. 1995. Die gebruik van die Ou Testament in die volkslewe. 'n Ondersoek onder predikante en ander lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 29(4):663-681.

KRÜGER, A.J. 1999. Tussen bron- en doeltaal. 'n Studiegerigte Afrikaanse vertaling van die Bybel, toegelig aan die hand van poëtiese gedeeltes van die Ou Testament. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ph.D.-proefskrif.)

LE ROUX, J. 1990. Die betekenis van die verhoudinge in die goddelike Drie-eenheid vir die prediking. 'n Homiletiese ondersoek vanuit Johannes 14 tot 16. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

OBERHOLZER, J.P. 1990. Ou-Testamentiese perspektiewe op die definisie van die prediking. *Hervormde Teologiese Studies*, 46(4):647-655.

VAN PELT, J.W. 1999. Pastoraat in trinitarisch perspectief. De samehang van trinitarische en antropologische aspecten in het pastoraat. Heerenveen : Uitgeverij Groen.

VAN ZYL, A.H. 1987. Hy wat sou kom. Messiaanse prediking in die Ou Testament. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.

**Kernbegrippe:**

Christusprediking
Ou Testament
prediking
verhouding Ou Testament en Nuwe Testament

**Key concepts:**

Old Testament
preaching
preaching Christ
relation between the Old Testament and the New Testament